

# DIE HOËRSKOOLO WONDERBOOM

## *Nuusbrief*



### EISTEDDFOD:

27 Mei 2022

Die Wonnies het die afgelope 2 weke deelgeneem aan die Pretoria Eisteddfod.

Carike Jansen, Sonique Deysel, Danielle Goosen en Verenique Kriek het deelgeneem in die afdeling Vokaal. Danelle Odendaal en Esrie Venter het deelgeneem in die afdeling, Redenaars. Die Wonnies behaal :

**1X** A++; **9X** A+; **8X** A-simbole.

Carike Jansen word ook twee keer aangewys as die kategoriewenner. Sterkte ook aan Caileen Lubbe en Carike Jansen wat in die komende weke nog verder deelneem.

### WONNIE NUUS:

Skote het geklap toe Chante van der Merwe in graad 8 haar geweer opgetel het die naweek by die Nasionale Polokwane Skietbyeenkoms. Sy wen:

Mees belowende dogter

Beste dogter

Beste algehele presteerder

Mees veelsydige dogter

Voorsitterstrofee

Baie geluk, die Wonnies is trots!



INHOUD

EISTEDDFOD

NUUS

GIMNASIUM

INTERHUIS

GEESWEEK

KRIEKET

OLIMPIADE

WONDERLIG

WINTERDRAG

# GIMNASIUMTYE

Hier volg die nuutste gimnasiumtye vir die Wonnies vanaf die 19 Julie tot 30 September 2022

| DAG     | TYD         | SPORT     |
|---------|-------------|-----------|
| MAANDAG | 06:00-7:00  | Almal     |
|         | 14:00-15:00 | Sagtebal  |
|         | 15:00-16:00 | Netbal    |
|         | 16:00-17:00 | Personeel |



|         |             |                    |
|---------|-------------|--------------------|
| DINSDAG | 06:00-7:00  | Almal              |
|         | 14:00-15:00 | Atletiek + Fietsry |
|         | 15:00-16:00 | Swem + Krieket     |
|         | 16:00-17:00 | Rugby + Hokkie     |

|          |             |           |
|----------|-------------|-----------|
| WOENSDAG | 06:00-7:00  | Almal     |
|          | 14:00-15:00 | Sagtebal  |
|          | 15:00-16:00 | Netbal    |
|          | 16:00-17:00 | Personeel |

Me: Gonna get to the gym early today, set myself on a regimen, get gains.  
Also me:



|           |             |                    |
|-----------|-------------|--------------------|
| DONDERDAG | 06:00-7:00  | Almal              |
|           | 14:00-15:00 | Atletiek + Fietsry |
|           | 15:00-16:00 | Swem + Krieket     |
|           | 16:00-17:00 | Rugby + Hokkie     |

|        |             |       |
|--------|-------------|-------|
| VRYDAG | 06:00-07:00 | Almal |
|--------|-------------|-------|



## INTERHUIS:

Die Interhuis is nog volstoom aan die gang. Hier volg die Jukskei-uitslae:



EERSTE PLEK



GESAMENTLIKE  
TWEEDE PLEK



GESAMENTLIKE  
TWEEDE PLEK



DERDE PLEK

## GEESWEEK

Baie dankie aan elke Wonnie en hul ouers wat 'n bygedra het tot ons “Gee(s)week”. Die temas was soos volg:

Maandag : “**Blou Maandag**”

Dinsdag : “**Shady Tuesday**”

Woensdag moes die leerdes ‘n **“wit leuen”** vertel.

Donderdag het die leerders “**Funky Hat Thursday**” geniet.

Vrydag het die leerders nostalgies geraak deur 'n stukkie van die **60's** by hul skooldrag te dra.





## KRIEKET:



# KRIEKET

(11 - 15 Julie)

Die Eerste span krieket neem in die vakansie deel aan 'n Winterweek.

11 - 12 Julie : Oefenkamp

13 - 15 Julie : Wedstryde

Proewe vir die Winterweek-groep is op Vrydag, 27 Mei, 14:30 - 16:00 by die krieketnette, op die rugbyveld.

Navrae kan gerig word aan Mnr Jordaan : [krieket@wonnies.co.za](mailto:krieket@wonnies.co.za)



## ALGEMENE KENNIS OLIMPIADE:

Ons weet kinders kan “mos” slim wees, maar nou weet ons die Wonnies “**IS**” slim. Die Wonnies het op 20 -, 23 - en 24 Mei deelgeneem aan die Algemene Kennis Olimpiade.

**100** Wonnies het deelgeneem aan die Olimpiade. Die winners word op 13 Junie 2022 bekend gemaak.

### ALGEMENE KENNIS RONDTE 1:



# WONDERLIG:

Volgende kwartaal kry Gr. 8-leerders die geleentheid om deel te neem aan hierdie gewilde program. Dit bestaan uit 9 sessies wat elke Woensdag aangebied word vir 9 weke. Leerders kan kies tussen die oggend- of middagsessie. Die oggendsessie begin 6:15 tot 7:45 en die middagsessie direk na skool (14:00) tot 15:30. Tydens sessies sit ons almal in 'n sirkel en kuier net heerlik saam oor verskillende interessante en lewensverrykende onderwerpe soos volg:

Die wonder van menswees, die wonder van God se liefde, die wonder van verantwoordelikheid, die wonder van vergifnis, die wonder van geloof en vertroue, die wonder van gesindheid en die wonder van keuses. Die 9e sessie is ons Wonderlig feesviering waar leerders o.a. Wonderligbalkies ontvang. En ja, daar is altyd koffie en beskuit.

Visie van projek: Om emosionele intelligensie onder tieners te verhoog, lewens te verryk en hoop te gee vir die toekoms, ten spyte van ENIGE omstandighede. Dit moet hulle ingesteldheid teenoor die lewe positief beïnvloed, sodat hulle beter keuses kan maak en hulle bemagtig vir 'n beter en gelukkiger toekoms.



Betekenis van die skoenlapper as embleem: 'n Skoenlapper is 'n simbool van lewe en transformasie. Die oënskynlike nuttelose en kleurlose papie is in 'n kokon, totdat hy deur die kokon breek en die lig sien. Dan ontstaan die wonder van die allermooiste vlinder wat vry kan rondvlieg.

Die program word gratis aangebied, maar daar is plek vir net 40 leerders, 20 per groep. Kyk dus uit vir die omsendskrywe wat u kind gaan ontvang en stuur die afskeurstrokie so vinnig moontlik terug.

Johannes 8:12 "Ek is die lig die wêreld. Wie my volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."

## WINTERSKLERE BENODIG

### Winter

*Nou lê die aarde nagtelang en week  
in die donker stil genade van die reën,  
en skemer huise en takke daeliks bleek  
deur die wit mistigheid en suising heen.*



Elke Wonnie voel letterlik die koue aan hul lyf! Daarom doen ons weer 'n beroep op die Wonnies om enige gebruikte, maar steeds bruikbare wintersklere (langbroeke, hemde, oortrektrui/"pullover", trui, baadjies ens.) na die klerebank te bring as skenkings.

Vriendelike groete

Mnr. M Lezar

Skoolhoof